

Eenheid 1 Hantering van mishandeling in kinders en tussen portuurgroepe

Sleuteltermes

mishandeling
portuurs
sosialenetwerk-
webwerwe
afspraakverkragting

Oogmerke en doelwitte

In hierdie eenheid sal jy meer leer oor:

- mishandeling van kinders deur volwassenes en mishandeling tussen portuurgroepe
- identifisering van dreigende en gevaarlike situasies
- die gevolge van mishandeling op 'n persoonlike vlak en sosiale gesondheid en op verhoudings
- die belangrikheid van kommunikasie om gesonde en niegewelddadige verhoudings te bevorder
- hoe jy jouself in dreigende en gevaarlike situasies kan beskerm
- plekke van beskerming en veiligheid vir slagoffers van mishandeling waar hulp verkry kan word.

1 Mishandeling van kinders deur volwassenes en binne die portuurgroep



Mishandeling skend die mishandelde persoon se menseregte.

Alle tipes **mishandeling** is ernstig. Alle vorme van mishandeling skend die mishandelde persoon se menseregte. Die mishandeling kan tussen volwassenes en volwassenes, volwassenes en kinders en selfs tussen **portuurs** wees. Dit kan fisies, emosioneel, verbaal, seksueel of 'n kombinasie hiervan wees.

1.1 Mishandeling van kinders deur volwassenes

Fisiese mishandeling is wanneer een persoon die liggaam van 'n ander seermaak. Kinders kan deur hulle ouers of ander volwassenes mishandel word deur sonder rede geslaan of ernstig rondgestamp te word. Volwassenes kan kinders straf deur hulle met sigarette, op 'n stoof of oop vuur te brand. Dit is ook kindermishandeling om vir kinders medisyne te gee om hulle te laat slaap sonder 'n geldige rede. Kinders wat seergekry het of siek is en nie die nodige mediese aandag kry nie, word ook mishandel.

verskillende kontekste: tussen volwassenes en

Emosionele mishandeling vind plaas as daar gedurig op kinders gekree word, hulle vertel word dat hulle hopeloos is of laat voel word dat hulle **minderwaardig** is in vergelyking met hulle broers en susters of maats.

minderwaardig –nie goed genoeg nie

Disipline wat nie altyd dieselfde toegepas word nie is emosionele mishandeling. 'n Kind kan nie verstaan waarom sy soms vir iets gestraf word en 'n volgende keer nie vir dieselfde ding gestraf word nie. Kinders kan ook emosioneel mishandel word deur dae, byvoorbeeld wanneer volwassenes kinders nie liefdevol en opreg behandel nie en die kind dan onveilig en minderwaardig voel.

Verwaarlosing van 'n kind is ook mishandeling. In sommige huise mishandel ouers kinders deur hulle nie genoeg kos te gee nie en nie na hulle behoeftes om te sien nie.

Soms buit volwassenes kinders uit en **misbruik** hulle seksueel. Seksuele misbruik is wanneer een persoon 'n ander persoon dwing om enigiets seksueels te doen wat hy of sy nie wil doen nie. Dit kan wees deur suggestiewe voorstelle oor seks te maak, of deur 'n persoon te soen of dele van die liggaam aan te raak, wat hulle nie wil hê nie. Dit kan ook verkragting van 'n kind beteken. Dit is teen die wet vir 'n volwassene om enige van hierdie seksuele dae met 'n kind te pleeg selfs al sou die kind geïnteresseerd lyk om dit te probeer.

misbruik –verkeerde of slegte gebruik maak van iets of iemand

Mishandeling met behulp van die internet of selfone is ook 'n probleem. Baie kinders sluit by kletskamers of ander **sosialenetwerk-webwerwe** aan. Sommige volwassenes gebruik vals identiteite en gee dan voor dat hulle kinders is. Dit is maklik vir hierdie volwassenes om inligting te verkry omtrent die kinders met wie hulle gesels. As gevolg hiervan bevind kinders hulle dan dikwels in gevaarlike situasies. Moenie 'n **slagoffer** van geweld raak nie – wees slim en versigtig met wie jy op die internet of jou foon kommunikeer.

slagoffer – 'n teiken, iemand wat skade ly

1.2 Mishandeling tussen portuurgroepe

Jou portuur is iemand wat dieselfde ouderdom, vermoëns, agtergrond, sosiale status en kwalifikasies as jy het, dit is die mense met wie ons die meeste van ons tyd deurbring. Dit is hartseer, maar 'n werklikheid dat jy ook deur jou **portuurs** mishandel kan word. Leerders wat 'n bietjie anders as ander leerders is, word dikwels fisies en emosioneel deur hulle portuurs mishandel. Hulle kospakkies kan van hulle weggehaal word of hulle word geterg oor hulle uiterlike voorkoms of hulle oortuigings. Groter leerders slaan soms kleiner leerders, net om te spog met hoe sterk hulle is. Hulle put plesier daaruit om ander seer te maak wat hulle nie terug kan seermaak nie.

Emosionele mishandeling tussen volwassenes en kinders is net so erg as tussen portuurs. Die goed wat iemand soms sê, maak dikwels seerder as om deur daardie persoon geslaan te word. Wanneer 'n leerder gedwing word om iets teen sy of haar wil te doen, is dit emosionele mishandeling.

Seksuele misbruik tussen portuurs is net so erg soos seksuele misbruik tussen volwassenes en kinders. Dit beteken ook dat een persoon 'n ander persoon misbruik, wat dan die slagoffer word. Dit kan makliker gebeur as die slagoffer onder die invloed van alkohol of dwelms is. Jy kon al die term **afspreekverkragting** gehoor het. Dit beteken dat iemand een van sy portuurgroep uitbuit deur die persoon sonder sy of haar toestemming dronk te maak of dwelms in te gee en die persoon dan seksueel te misbruik.

Kuber- of internetmishandeling vind ook tussen portuurs plaas, byvoorbeeld wanneer onware stories of onaanvaarbare foto's van 'n portuurlid op die sosialenetwerk-webwerwe geplaas word. Skadelike foto's, video's of boodskappe kan ook op selfone rondgestuur word.

Aktiwiteit 1 Herken mishandeling

Werk in klein groepies. Doen die volgende aktiwiteite om seker te maak dat jy die voorafgaande paragrawe verstaan:

- 1 Dink aan drie maniere, wat nie met seks te doen het nie, waarop kinders deur volwassenes mishandel kan word.
- 2 Verduidelik wat seksuele misbruik is.
- 3 Noem twee voorbeelde van hoe jy die slagoffer kan wees wanneer jy die internet of jou selfoon gebruik.

2 Identifiseer dreigende en gevaarlike situasies

Jy kan jouself in 'n posisie bevind dat jy bedreig voel, sonder jou toedoen. Soms kan jy dalk nie in staat wees om die uitkoms hiervan te verander nie. Dit kan in of naby jou eie huis gebeur, of by mense wat jy goed ken.

Dit is moontlik om 'n riskante situasie te vermy. Wees bewus daarvan wat so 'n situasie kan behels. Wees versigtig wanneer jy ook al uitgaan en moenie alleen na enige plek toe gaan waar jy dink daar selfs die geringste moontlikheid van gevaar mag bestaan nie. Onthou dat enigiemand misbruik kan word, selfs jy ook.